Groete uit die Sinodehuis

25 November 2016

Kollega,

Toe ek onlangs op pad was na die jaarlikse legitimasie, het ek onwillekeurig begin dink oor die maand November. 'n Lied uit die ou FAK-sangbundel het skielik in my kop begin draai: "Dit is die maand Oktober, die mooiste, mooiste maand..." Waarom sou ons nie ook so liries kon raak oor November nie?!

November is vir my die maand van nuwe moontlikhede... die maand van my geboorte op Buhrmannsdrif... die maand van my eie legitimasie... die maand van my en Nerene se verlowing... die maand van my beroep na my eerste gemeente, Vanderbijlpark-Sentraal... die maand van my bevestiging in my tweede gemeente, Universiteitsoord... die maand van my beroep na my derde gemeente, Letsitele... die maand van my beroep na my vierde gemeente, Universiteitsoord... die maand van my beroep na my vyfde bedieningsterrein, die Noordelike Sinode. Daarby is die laaste Sondag van November elke jaar, ook meestal die begin van die nuwe kerkjaar.

November was m.a.w. tot dusver in my lewe 'n mengelmoes van besondere momente en soms intense worsteling. Die worsteling het my egter telkens by 'n nuwe "aha" gebring. Daarom sou ék graag wou sing: "Dit is die maand November, die mooiste, mooiste maand!"

November is egter ook die 11e maand, die herinnering dat die kalenderjaar vinnig besig is om uit te loop. 2016 was om verskeie redes nie altyd 'n maklike jaar in ons land en in ons kerk nie. Soms is dit juis die moeilike jare wat ons meer intens bewus maak van God se genade. Mag dit ook jou persoonlike gewaarwording wees hier in die laaste dae van 2016!

Mooi loop!

082 653 5734
paul@noordsin.co.za